November 2022 | vol 21

#INTEGRITASZA MONTHLY

INSPIRE AND INNOVATE/INSPIREER EN INNOVEER

CiviNovus
SOCIAL INNOVATION

#integritasza
THE MOVEMENT



Why? Integrity creates wholeness and combats corruption.

Waarom? Integriteit skep heelheid en beveg korrupsie.

How? We embrace integrity with courage and humility.

Hoe? Ons omhels integriteit met moed en nederigheid.

What? Personal dignity and prosperity for self and others.

Wat? Persoonlike waardigheid en voorspoed vir self en ander.

"People don't buy what you do; they buy why you do it. And what you do simply proves what you believe" — Simon Sinek

Werner Schwella se skrywe oor integriteit

Toe ek na die die beskrywing van integriteit op Google in Afrikaans gaan soek het, het ek op die volgende webtuiste, https://www.vrouekeur.co.za/leefstyl/51888 afgekom. Dit het my aan die #Integritasza-beweging laat dink. Ek is 'n trotse ingeskrewe #integritasza-lid en moedig almal aan om ook lid te word. Die webtuiste is van Vrouekeur en ek haal aan wat Zerelda Esterhuizen op 19 September 2017 geskryf het.

'' Wat het mense met integriteit in gemeen? Hier is 10 kenmerke":

1. Hulle is **eerlik**. Hulle weet dat eerlikheid een van die belangrikste eienskappe is en leef hul lewe volgens hierdie beginsel.
2. Hulle is **opreg**. Geen valsheid word by hierdie mense bespeur nie. As hulle iets sê kan jy maar weet hulle bedoel dit.
3. Hulle het **waardering** vir mense. As iemand iets vir hulle gedoen of beteken het, dan word dit erken. Hulle vat ook nie krediet vir ander mense se harde werk nie.
4. Hulle het **respek** vir ander mense se tyd. As jy tyd saam met hierdie mense deurbring, sal hulle jou daarvoor bedank en jou nie onnodig ophou nie.
5. Hulle misbruik mense nie. Hulle **bou** mense eerder op as wat hulle mense afbreek.
6. Hulle hanteer konflik beskaafd. Hulle is **diplomaties** en sal nie oor kleinighede argumenteer nie. Hulle respekteer ander mense se sienings en breek nie mense af as hulle nie saamstem nie.
7. Hulle is op ander mense se gevoelens ingestel. Hulle het **intuïsie** en weet as iets met iemand skort. Hulle sal mense probeer opbeur en positief probeer wees.
8. Hulle weet hoe om jammer te sê. As hulle iets verkeerd doen, sal hulle nie huiwer om hul fout te **erken** nie en probeer om dit op te los.
9. Hulle is **nederig**. Hoewel hierdie mense goed vir ander is of in hul veld presteer, sal hulle nooit daarmee te koop loop nie.
10. Hulle **doen goed** waar hulle kan. Dis vir hulle lekker om mense te help en hulle weet 'n goeie daad en 'n mooi woord kan iemand se lewe verander."

As ons hierdie **10 praktiese riglyne elke dag toepas,** is ek van mening dat ons gesamentlik 'n reuse verskil in Suid Afrika kan maak.

Kan julle as #integritasza-nuusbrieflesers aan nog praktiese riglye dink? Stuur asseblief vir ons wat jy oor integriteit dink aan lyzette@civinovus.co.za sodat ons ons kundigheid oor integriteit kan uitbrei en integriteit bevorder. Waar integriteit ontbreek, floreer korrupsie. Suid-Afrika gaan gebuk onder die las van korrupsie. Integriteit bevorder waardigheid en voorspoed. Hiermee kan ons almal saamleef.

Raak asseblief 'n ingeskrewe lid van #integritasza-beweging deur vir Raymond Cloete raymond@civinovus.co.za te kontak. Hy sal vir u die lidmaatskapvorm aanstuur. Die idee is om die #integritasza-nuusbrief aan ingeskrewe lede te stuur.

Werner Schwella

Gemeenskapsaktivis

083 591 6691

Become a Member: Support our Purpose! / Word 'n Lid: Ondersteun ons Doel!

Integrity creates wholeness and combats corruption. / Integriteit skep heelheid en beveg korrupsie.

Join the / Sluit aan by die #integritasza-movement,

Contribute to innovative inspired integrity initiatives / Dra by tot geïnspireerde, integriteitsgedrewe inisiatiewe.

Combat deadly corruption. / Beveg dodelike korrupsie.

Ons wil die nagedagtenis van ons kollega, Ulrike Hanekom, deur die bevordering van integriteit, herdenk.

Lidmaatskap behels voltooiing van 'n aansoekvorm, R120.00 per jaar en/of 'n bydrae van jou keuse.

Stuur 'n e-pos aan Raymond Cloete by raymond@civinovus.co.za vir die lidmaatskapvorm en/of kontak vir Werner Schwella op 083 591 6691

Need more information? / Benodig meer inligting? E-mail us at / stuur e-pos na admin@civinovus.co.za and visit / en besoek www.civinovus.co.za or access the #integritasza social media tags.

Advertise here for R350 per month.

#integritasza THE MOVEMENT